

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 April 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-2:4, 5, 6

- 4 Christus het waarlik opgestaan / as Eerste uit die dood.
In die heelal sal Hy dus wees / die Eerste – Hoof en Heer.
- 5 God met sy volheid woon in Hom, / só het God self besluit.
Daarom kon Hy versoening bring – / Gods vrede weer herstel.
- 6 Christus moes sterwe aan 'n kruis; / Hy moes sy bloed laat vloei.
Hemel en aarde, die heelal, / is só met God versoen.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:3, 5 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Gebed

Psalm 34:6, 7 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Skriflesing: Matteus 5:17-26

Kernverse: Matteus 5:21-22

Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur. (Matteus 5:21-22 AFR53)

Tema: Kwaad wees en skel hoort nie eens in die koninkryk van God nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in hierdie gemeente plaas ons 'n hoë premie op die Woord van die Here. Die ouderlinge en lidmate maak erns daarmee dat die Woord van die Here suiwer verkondig word. Hiervoor hoef ons onself nie op die skouer te klop nie. Dit is die troue genade van die Here en die werk van die Heilige Gees wat ons by die Woord van die Here hou.

Omdat die Woord van die Here so belangrik is vir ons, is ook daarop gestel dat geen deel van die Woord van die Here geïgnoreer moet word nie. Elke deel van die Woord is belangrik, ook die Tien Gebooie. Omdat die Tien Gebooie belangrik is, luister ons elke Sondag hoe die Here dit aan ons afkondig. Dit gebeur ongelukkig dat, wanneer 'n mens daaraan gewoond is om elke Sondag die Tien Gebooie te hoor, 'n mens nie meer aandagtig luister wanneer die Here dit afkondig nie. Ons ken die woorde al so goed dat dit soms gebeur dat jou gedagtes op ander plakkoord sal gaanekke kan dwaal en jou brein weet presies wanneer jy moet opstaan om die lied na die Tien Gebooie te sing. Dit gebeur nie net met sommige lidmate nie. Dit gebeur met alle lidmate, want ons is nog nie volmaak nie.

Omdat 'n mens soms so gedagteloos die gedreun van die predikant se stem kan hoor wanneer hy die Tien Gebooie lees, is dit goed om van tyd tot tyd stil te staan en regtig te luister wat die Here vir ons sê. Ons het dit vanoggend weer gehoor – Jesus het nie gekom om die wet en die profete ongeldig te maak nie. Hy het gekom om die wet te vervul. Ons het verlede Sondag gehoor wat *vervul* regtig beteken. *Vervul* beteken dat Jesus as die Seun van God wat mens geword elkeen van hierdie Tien Gebooie honderd persent gehoorsaam het. Hy het in die gelowiges se plek gedoen wat hulle nooit sal kan doen nie.

Dit wil nie nou sê dat gelowiges nie meer die wet hoef te hoor en te gehoorsaam nie. *Vervul* soos wat Jesus dit sê, beteken ook Jesus die wet vir mense duidelik verstaanbaar maak. Die mense wat aan Jesus Christus behoort omdat Hy hulle verlos het se gehoorsaamheid aan die wet moet baie beter wees as die Fariseërs se gehoorsaamheid aan die wet. Daarom hoor ons vanoggend wat God alles bedoel het toe Hy gesê het: **Jy mag nie doodslaan nie.**

Broers, susters en kinders, as 'n mens nie aandagtig luister nie, kan dit klink asof Jesus aan die wet gaan verander. Hy sê: **Julle het gehoor ... Maar Ek sê vir julle ...** In Matteus 5 hoor ons hierdie woorde nog vier keer. Maar kyk 'n mens mooi wat Hy sê die mense gehoor het, hoor 'n mens dat Hy nie die wet verander nie. Hy sê presies wat in die Ou Testament geskryf staan. **Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.** Hy haal die gebod en die toepassing van die gebod aan net soos wat dit aan Moses geopenbaar is. In die eerste sin sê Jesus egter duidelik *julle het gehoor wat vir die mense van die ou tyd gesê is*. Die klem val dus op wat

die mense van die ou tyd gehoor het. Dit gaan dus oor wat die skrifgeleerdes en Fariseërs vir die mense van die ou tyd geleer het.

Jesus gaan dus nie aan die wet verander nie, maar Hy gaan regstel wat die Fariseërs aan die mense verkeerd geleer het. Vir die Fariseërs en skrifgeleerdes het die sesde gebod net gegaan oor doodslaan. As iemand 'n ander mens doodgeslaan het, moes so 'n mens voor die gereg kom. Die gereg is die hof. En as daar twee getuies is wat getuig dat die man wel iemand doodgeslaan het, het dit beteken dat die skuldige man tereggestel moet word. Vir die skrifgeleerdes en Fariseërs het die oortreding van die sesde gebod begin en geëindig by die moord wat gepleeg is.

Jesus maak dit egter vir ons duidelik dat die oortreding van die sesde gebod nie eers begin wanneer iemand 'n ander mens doodgeslaan het nie. Dit begin baie vroeër. Daarom sê Jesus: **Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.**

Die oortreding van die sesde gebod begin reeds by 'n mens se gedagte. 'n Mens kan vir iemand kwaad wees, terwyl niemand anders weet dat jy kwaad is vir die ander persoon nie. Dikwels weet die mens vir wie jy kwaad is nie eens dat jy vir hom kwaad is nie. Daardie kwaad wees vir jou broer is binne-in jou gedagtes en net God kan sien dat jy kwaad is vir jou broer, want Hy sien tot in 'n mens se hart en gedagtes.

Ons moet goed verstaan dat Jesus hier nie van alle vorme van kwaad wees praat nie. Uit die Bybel weet ons dat God en Jesus kwaad word. God word vertoorn deur mense se sonde. God se kwaad word is altyd heilig en suiwer, want Hy is heilig en daar is geen sonde in Hom nie. Gelowiges kan dus ook kwaad word. Ons moet egter daarop let dat ons stadig moet wees om kwaad te word en ons kwaad wees moet ook vinnig verbygaan. Martin Luther het gepraat van die woede van liefde. Dit is woede wat nie bedoel om 'n ander mens skade aan te doen of iets slegs toe te wens nie. Dit is 'n woede wat vriendelik is teenoor die persoon maar vyandig teenoor die sonde.

Die kwaad wees waarvan Jesus hier praat is wanneer 'n mens kwaad is vir iemand anders omdat hy iets gedoen het waarvan jy nie hou nie of omdat hy jou te na gekom het. En as Jesus van 'n broeder praat dan bedoel Hy dit is iemand wat saam met jou 'n burger in die koninkryk van God is. Burgers in God se koninkryk is mense vir wie Jesus gely en gesterf het; dit is mense wat deur God as sy kinders aangeneem is, mense met wie die Heilige Gees besig is om hulle heilig te maak. Iemand wat dus kwaad is vir sy broer of suster sê in sy gedagtes: Die Heilige Gees mag besig wees om jou heilig te maak, maar Hy doen dit nie vinnig genoeg na my sin nie. Vir God is jy kosbaar genoeg dat Christus vir jou gesterf het, maar jy is vir my nie nou so kosbaar nie.

Ouers, hoe voel jy wanneer iemand anders jou kind sleg behandel? Is jy nie ontsteld daaroor nie? Die Vader in die hemel kan dan mos nie niks voel as sy kinders sleg behandel word nie. Selfs daardie belediging van jou broer – wat vir jou miskien nie so erg is nie – is 'n ernstige oortreding van die sesde gebod vir die Here.

Dit gaan dus nie net oor 'n mens se gedagtes nie, maar ook oor die woorde wat 'n mens sê. Wanneer jy in jou kwaad wees vir iemand anders 'n skellende woord toesnou, dink 'n mens gewoonlik nie nugter nie. Miskien sê jy vir hom dat hy nikswerd is vir die samelewing – dit is hoe ons die woord *raka* kan verstaan. Of miskien sê jy vir hom hy is 'n dwaas. Dan

het jy 'n oordeel oor sy waarde vir God uitgespreek. In jou kwaad wees is jy besig om jou broer in jou gedagtes dood te maak, en wanneer jy hom uitskel en vloek is jy besig om hom met jou woorde te vermoor.

In ons oë is 'n belediging of 'n skurwe woord teenoor iemand anders baie maal sommer niks. Ons lag maklik daaroor. Maar in die koninkryk van die hemel is daardie beledigings en skurwe woorde so erg dat God dit met die helse vuur wil straf.

Op die gebied van kwaad word en beledigende woorde struikel ons dikwels. Iemand wat sê dat hy nog nooit met sy tong gestruikel het nie, is in staat om sy hele liggaam in toom te hou, skryf Jakobus. En almal van ons weet ons is nie in staat om ons tong te beheer nie. Omdat die Here weet hoe swak ons is, sê Hy nie net vir ons hoe erg kwaad word en skel is nie. Hy leer ons ook wat om te doen wanneer ons die sesde gebod op een van hierdie maniere oortree het.

As 'n mens dan kwaad geword het vir 'n broer of 'n suster en met minagting teenoor hulle opgetree het, moet 'n mens jou skuld voor die Here bely en Hom smeek dat die Heilige Gees jou sal versterk om nie weer in dieselfde versoeking te val nie. As dit dan gebeur het dat jou kwaad wees daarop uitgeloop het dat jy die ander een beledig of geskel het, gee die Here die onderrig oor wat om te doen in die volgende vier verse.

In die eerste voorbeeld wys Jesus daarop dat 'n mens se verhouding met die Here nie waterdig afgeskei is van 'n mens se verhouding met jou naaste nie. 'n Mens se verhouding met jou medegelowiges is immers die resultaat van 'n mens se verhouding met die Here.

Daarom kan 'n mens nie lewe en optree in jou verhouding met die Here asof alles reg is met jou naaste terwyl jy weet dat jou broer iets teen jou het nie. Hy kan kwaad wees vir jou en dit is reeds deel van oortreding van die sesde gebod. Jy het 'n verantwoordelijkheid teenoor jou naaste deur te keer dat hy homself aan die sesde gebod skuldig maak. Indien jy dan weet dat jou broer iets teen jou het, makkoord sal gaanoet jy jou maar eers met hom gaan versoen voordat jy jou offer bring waarmee jy getuig dat jou verhouding met die Here ten opsigte van elke saak in jou lewe reg is.

Hierdie eerste voorbeeld is vir 'n mens skokkend. Jy moenie eers daaraan dink om Bybel te lees of te bid of 'n erediens by te woon as jy weet dat jou broer iets teen jou het nie. As Jesus dit so skerp sê, wil Hy die gelowiges nie uit die erediens verjaag of maak dat hulle ophou Bybel lees en bid nie. Hy wil benadruk hoe belangrik dit is om jou met jou broer te versoen. In die bergpredikasie gebruik Jesus 'n paar keer hierdie tegniek om iets uitermate erg te stel.

Die punt wat Jesus maak, is dat versoening vir God so belangrik is dat diens aan Hom so te sê niks beteken as jy nie bereid is om jou met jou naaste te versoen nie. Om die Here met oorgawe te dien gaan nie daardie ongelukkige verhouding met jou naaste reg maak nie. En as jy onwillig bly om te versoen, raak jou diens aan die Here al meer en meer 'n leuen en uiteindelik iets walglik vir die Here. As jy dan regtig die Here wil dien, is die eerste stap om vir jou broer verskoning te gaan vra. Onthou, gehoorsaamheid aan die Here is beter as offers wat 'n mens bring. In 1 Petrus 3:7 sê die Here:

Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder. (1 Petrus 3:7 AFR83)

Indien 'n man dan onwillig is om vir sy vrou verskoning te vra oor sy gedrag en woorde, gaan sy onwilligheid sy gebede verhinder. Broers en susters, kom gehoorsaam eerder die Here. As daar dan iets gebeur wat gemaak het dat ons oneerbiedig teenoor mekaar opgetree het, laat ons ons met mekaar versoen. Onversoende Christene kan nie die Here behoorlik dien nie.

Dit is ook so dat nie almal met wie jy jou versoen, jou verskoning wil aanvaar en jou vergewe nie. Dan is dit nie meer langer jy wat verkeerd is nie. Soms het mense tyd nodig om te vergewe. Jy moet versoen – dit is die opdrag van die Here – en as die ander persoon nie wil versoen nie, is dit tussen hom en die Here. Bid jy dat die Here sy hart sal bekeer. Daarom sê die Here vir die Christene: Vir sover dit binne jou vermoë is, moet jy in vrede lewe met alle mense (Rom 12:18).

Miskien krap dit aan jou om te hoor dat jy deur die Here aangesê word om vrede te gaan maak as jou broer iets teen jou het. Dit is nie jy wat kwaad is nie, maar die ander een. En nou sê die Here jy moet eerste gaan vrede maak. Onthou dat die Here nie 'n opdrag gee wat Hy nie bereid is om self uit te voer nie. En dit is juis wat Hy gedoen het. Dit is ons wat kwaad gedoen het teenoor die Here en ons het glad nie daaraan gedink om vrede met Hom te maak nie. Hy het eerste gekom en deur die bloed van sy Seun het Hy Hom met ons versoen. Daarom moet ons sy voorbeeld volg.

In die tweede voorbeeld gaan dit oor 'n hofsaak waarheen jou teëparty met jou op pad is. Wanneer die verhouding tussen jou en jou naaste al so versleg het, lê kwaad wees bo op die oppervlak. Jou teëparty is nou daarop uit om jou aan die gereg oor te gee, want hy wil jou voor sy oë verwyder. In die oë van die Here is hierdie gesindheid heimlik moord.

Indien jy nie gou goedgesind is teenoor jou teëparty nie, gaan hy voortgaan met hierdie regsding en dus ook voortgaan met die heimlike moord terwyl jy hom toelaat om hom skuldig te maak aan die sesde gebod. Om jou naaste van hierdie verkeerde gesindheid te laat afsien, moet jy jou eie trots in die sak steek en goedgesind wees teenoor hom.

Dit beteken dat jy jou skuld moet erken deur insiklik te wees en tot 'n skikking te kom voordat hy jou aan die regter oorgee. Indien jy dit nie gaan doen nie, sal dit jou baie duur te staan kom. Die regter gaan dan nie luister na jammerte nie. Hy gaan die saak klinies beoordeel en vir jou skuld sal jy gevonniss word. Die geregsdienaar sal jou in die tronk sit tot jy die laaste dag van jou vonnis uitgedien het.

Met hierdie voorbeeld leer die Here ons dat ons eie trots nooit meer moet weeg as ons naaste se verhouding met die Here of ons verhouding met ons naaste nie. Die prys wat 'n mens betaal omdat jy op jou regte wil staan, is heeltemal te hoog. Dit is nie net jou naaste wat dan skuldig staan voor die Here oor die sesde gebod nie, maar ook jy, want nou gaan jy ook haatlike gedagtes hê teenoor jou naaste en elkeen wat meegedoen aan jou vonnis. Sodoende is jou eie verhouding met die Here skade aangedoen.

'n Gemeenskap van heiliges, dit is wat ons mos glo die kerk is, is 'n gemeenskap van mense wat gereeld vir mekaar verskoning vra omdat hulle dikwels struikel. Mag dit ook kenmerkend wees van elke huisgesin van hierdie gemeente en van ons almal teenoor mekaar. Jesus sê:

Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
(Matteus 5:9 AFR53)

Amen!

Gebed

Slotpsalm 72:1, 4 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermer, / een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.

- 4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,
toddat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 April 2018